SAKE 24 (Beeld), Naweek
Saturday, 31 October 2008, p. 17



Hierdie seiljag is een van dié wat wag op iemand wat op soek is na 'n nuwe speelding.

Seiljag-jagters maak reg vir veiling

Carin Smith, Kaapstad

Daar heers groot plaaslike en buitelandse belangstelling in die eerste groot veiling van luukse seiljagte en ander plesierbote wat volgende jaar in Februarie of Maart in Kaapstad beplan word.

Volgens me. Ariella Kuper, Alliance Group se hoof van bedryfsontwikkeling, is daar tans twee groepe aktief in dié mark. Enersyds loop baie welgestelde eienaars van luukse seiljagte of plesierbote katvoet weens die resessie en wil hulle hul vaartuie eerder verkoop totdat die ekonomiese winde meer voordelig begin waai.

Andersyds is daar die superrykes wat bloot van hul huidige maritieme "speelgoed" ontslae wil raak sodat hulle nóg groteres en beteres kan aanskaf. Hulle is bereid om van R2,5 miljoen tot selfs R80 miljoen vir dié plesier op te dok.

Aangesien vaartuie tot dusver gewoonlik op 'n ad hoc-basis opgeveil is, was daar 'n leemte in die mark vir 'n formele veilingstruktuur wat spesialiseer in maritieme veilings. Dit sluit plesierbote en kommersiële vaartuie in. Daarom het Alliance Group en die bekende maritieme makelaars David Abromowitz & Vennote, besluit om hul onderskeie spesialisvaardighede saam te snoer.

Alliance Group het byvoorbeeld vroeër vanjaar 'n private seiljag vir R4,1 miljoen opgeveil en het 'n vaartuig vir die myn van diamante aan Rusland verkoop teen $4 miljoen (sowat R31,6 miljoen).

Ten einde verdere internasionale blootstelling te kry, is ook 'n ooreenkoms met Bootveiling, een van die grootste aanlyn maritieme veilingsmaatskappye in Europa, wat in Nederland gesetel is, aangegaan. Internasionale kopers sal dus voor die veiling 'n virtuele toer van die vaartuie kan onderneem.

'n Groep uitgelese plaaslike glansmense en hoëkoppe in die finansiëledienste- en regsbedryf in die stad gaan die bekendstelling van die nuwe vennootskap op 19 November aan boord van die luukse private seiljag, Princess Emma, voor anker langs die Cape Grace-hotel in die V&A Waterfront, bywoon.

COPYRIGHT © 2009 NEWSCLIP MEDIA MONITORING (PTY) LTD.